

**Preektema:** Moet ek myself vergewe?

**Skriflesing:** 2 Samuel 12:1-31, Psalm 51:1-21

### **Inleiding**

Dit was 'n heerlike sonskyn wintersoggend. Die Ferreira's was op pad hardeware-winkel toe. Pappa en mamma het besluit om vir klein boet 'n kopstuk te maak vir sy enkelbed. Sommer self. Heerlik al singend het die Ferreira gesin die straat afgery. 'n CD met ou kinderliedjies op wat ouma Bettie, 'n kersfees vantevore daar aangebring het. Pappa het sy hand liggies op mamma se been neergesit en vir 'n oomblik met groot waardering, diep in haar oë gestaar.

Hy het die gevaar eers besef toe hy opkyk en die bus sien. Die double-cab het 30 meter verder op sy dak tot stilstand gekom. Pappa onthou oomblikke. Die impak. Die geluid van staal wat opfrommel. Hy wat onderste bo hang in sy sitplekgordel. Die afgeblaasde lugsakke. Die jaws-of-life wat sy gesin probeer bevry...

Die begrafnis was op 'n grou Donderdagnmiddag. Koud. Winderig. Onsmaaklik. Hulle het besluit om die klein kissie sommer bo op die groter kis te sit. Die begrafnisondernemer se argument was dat dit geld gaan spaar. Pappa het nie omgee nie. Hy was te seer, te stukkend, te alleen.

Pappa het van sielkundige tot sielkundige gegaan en elkeen se konklusie na eindelose vrae: "Jy moet jouself vergewe". "Jy moet nou die hele ding agter jou sit". "Jou lewe moet aangaan – trou weer en kry vir jou 'n ander vrou" het een selfs voorgestel.

Die vraag is: hoe moet pappa homself vergewe en aanbeweeg? Hoe lyk dit?

### **Ons kan nie onself vergewe nie**

Vriende, hierdie storie illustreer presies dit wat die uitdaging is met die konsep van "selfvergifnis". Die oomblik as ons vir mense beveel dat hulle hulleself moet vergewe laai ons 'n las op mense wat die Here nie op hulle laai nie. Hoe weet ons dit? Wel, daar is nie Teksgedeelte in die Skrif, nie een verwysing na of selfs afleiding wat die konsep van "selfvergifnis" kan regverdig nie. Nou kan ons argumenteer: maar daar is ander dinge wat ook nie eksplisiet genoem word nie. Dis waar. Dis hoekom ons argument nie is, dat dit eksplisiet genoem word nie – maar selfs in afleiding bestaan dit nie.

Daar is 'n goeie rede hiervoor. Die rede is: Omdat ons nie onself kan vergewe nie. Los van die Here se vergifnis, beteken vergifnis niks.

### **Wat is "self-vergifnis" dan?**

Ons moet eers onderskei in die rede waarom mense skuld ervaar – alhoewel die oplossing dieselfde lyk. Daar is twee oorsake van skuld en skuldgevoel.

Aan die eenkant 'n skuldgevoel, wat nie spruit uit nie sonde nie.

Aan die anderkant 'n skuldgevoel wat spruit uit sonde.

Kom ek vat 'n voorbeeld.

- In die storie hierbo sou pappa voel as hy maar net nie sy hand op mamma se been gesit het en afgekyk het nie – as hy maar net stadiger gery het. As hy maar net 'n ander dag gekies het ens ens. Dis alles skuldgevoel, maar nie uit sonde nie. Dis 'n ongeluk.
- In 2 Samuel 12 wat ons gelees het, is die gevolg van Dawid se skuldgevoel – agv sonde wat hy gedoen het. Hy was die oorsaak dat Uria vermoor is en hy was die een wat met Batseba egbreuk gepleeg het. Dis 'n skuldgevoel, vanuit sonde. Dis nie 'n ongeluk dat hy met voorbedagte rade Uria laat vermoor het en saam met Batseba geslaap het nie.

### **Wat is die oplossing vir skuld en skuldgevoel?**

Bring jou skuld en skuldgevoel na die Here en stort jou hart voor Hom uit. As jy moet verskoning vra – doen dit – as jy net jou hart wil uitstort en die teleurstelling in jouself wil deel – doen dit. As jy egter daar wegstap. Stap weg met die wete dat die Here jou as sy kind vergewe het en dat Hy jou nie verkwalik nie. Hy jou nie skuldig hou nie. Hy jou nie verantwoordbaar of verantwoordelik hou vir die sonde of die skuld of die insident of die seer of die pyn nie. Dis nie net vergifnis nie maar ook vrypraak!

**Hoor mooi:** dis God wat jou vergewe, jou vryspreek en jou belowe dat Hy nie weer daaraan dink nie. Dis Hy wat jou skuld en jou skuldgevoel weg neem. Dis by Hom wat jy vrede vind. Begin glo wat God oor jou sê. As die satan kom en jou wil herinner aan jou skuld en skuldgevoel – wys na die Here wat jou skuld en skuldgevoel weggeneem het!

Hierdie is 'n proses. Jy gaan dalk meer as een maal dit vergeet en meer as een maal moet teruggaan na die Here toe. Gaan egter terug na die Here toe. Moenie na jouself toe terugkeer nie.

Hoor die woorde van Romeine 8:32-34:

*<sup>32</sup>Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? <sup>33</sup>Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. <sup>34</sup>Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.*

### **“Self-vergifnis” is 'n las en fokus op die – self. Regverdigmaking fokus op God**

Die Bybel praat nie van “SELF-vergifnis” nie omdat die Bybel praat van Regverdigmaking. Dis nie dieselfde nie. Die een fokus op die SELF, die EK, my WERKE ens. Regverdigmaking fokus op God, op Hom, op sy WERKE.

Selfvergifnis skuif weg van God af na ons toe. Jy is jou eie verlosser, die een wat vir jouself hoop bring, die een wat vir jouself vrede bring ens. Hoekom is dit gevaarlik? Buiten die feit dat dit God se eer kaap, Hom tot oneer maak en 'n vorm van werkheiligheid is – is dit gevaarlik **omdat jy nie kan nie**. Jy kan nie jou eie verlosser wees, jou eie hoop bring, jou eie vrede bring nie, want jy kan nie jouself vergewe nie. Jy kan net nie. Die Here alleen kan.

As dit by ongelowiges kom – weet ek eerlik nie hoe hulle skuld of skuldgevoel verwerk nie, want daar is net een Weg van vrede en dit is by die voete van Jesus en in gehoorsaamheid aan Hom. Dis slegs deur Jesus Christus se lewe, kruisdood en opstanding wat ek en jy vrygespreek kan word (deel van regverdigmaking) en sy goeie werke ons toegereken kan

word (deel van regverdigmaking). Dis slegs deur Christus wat ons ware vrede kan vind, omdat ons erken en bely dat God in beheer is van ons lewe en dat Hy ons nie skuldig hou nie en dat Hy ons vrygespreek het. Dat ons erken en onthou dat ons in gebroke wereld met seer leef en dat daar dinge gaan gebeur wat ons nie kan beheer nie.

Self-vergifnis is 'n las. Dit sit net by, by ons skuldgevoel en verwag die onmoontlike. Dit maak die las net swaarder! Die regte verstaan en toepassing van Regverdigmaking (Vryspraak en Jesus se werke wat ons toegereken word) bring ons by ware vryheid in Christus! Dit neem ons skuld en skuldgevoel weg – omdat dit op Christus geplaas is en Hy daarvoor reeds betaal het! Hy dit reeds gedra het en Hy reeds daarmee afgereken het!

Al vraag wat oorbly is: **Glo jy dit? Aanvaar jy dit?**

### Hoe lyk dit prakties?

Dawid doen twee dinge in Psalm 51, nadat hy besef het wat hy gedoen het:

- Hy bely sy sonde, skuld en skuldgevoel teenoor die Here  
*VIR die musiekleier. 'n Psalm van Dawid, <sup>2</sup>toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het. <sup>3</sup>Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. <sup>4</sup>Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. <sup>5</sup>Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. <sup>6</sup>Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. <sup>7</sup>Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. <sup>8</sup>Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. <sup>9</sup>Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. <sup>10</sup>Laat my vreugde en blydschap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. <sup>11</sup>Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. <sup>12</sup>Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. <sup>13</sup>Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. <sup>14</sup>Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. <sup>15</sup>Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer. <sup>16</sup>Red my van bloedskulde, o God, God van my heil!*
- Hy loof die Here vir sy vergifnis, sy geregtigheid, sy regverdigmaking  
*Laat my tong u geregtigheid uitjubel.<sup>17</sup>Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig. <sup>18</sup>Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. <sup>19</sup>Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! <sup>20</sup>Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op. <sup>21</sup>Dan sal U 'n welbehae hê in die offers van geregtigheid, in brandoffer en voloffer; dan sal hulle stiere offer op u altaar.*

**Stap 1:** Gaan na die Here toe en stort jou hart voor Hom uit. Vertel Hom van die gebeure. Vertel Hom hoe jy voel. Vertel Hom wat jy ervaar het en wat jou kwaad en hartseer en ongelukkig maak. Vertel Hom wat jou skuldig laat voel. As jy gesondig het, bely dit in opregtheid voor die Here. As jy voel jy is mede-verantwoordelik en jy het jou plig versuim. Bely dit voor Hom.

**Stap 2:** Staar op, was jou gesig en glo dat die Here jou vergewe het en nie weer daaraan dink nie en jou nie verkwalik nie! Hoe doen jy dit? Jy loof Hom vir sy geregtigheid en sy

regverdigmaking. Jy loof Hom dat Hy die Een is wat vergewe en jou van al jou skuld vry maak. **Letterlik:** as die skuldgevoel kom – herinner jouself aan God se beloftes van vergifnis en vryspraak en sing 'n loflied oor Hom wat jou verlos en jou Verlosser is! Dis 'n oomblik wat jy gebruik nie net om die satan se leuens teen te staan nie – maar ook die Here te loof en te prys!

**Stap 3:** As jy by 'n punt in jou lewe kom waar jy weer herinner word aan die dinge en jou skuldgevoel weer nader kruip. Herhaal stappe 1 en 2.

Hierdie stappe is nie om te vergeet wat gebeur het nie. Dit het gebeur – dis nou deel van jou lewensstorie. Dis om oortuig te wees van die vryspraak wat jy gekry het van die skuld en die skuldgevoel wat saam geloop het met dit wat gebeur het. Dis om ware vrede in die Here te vind en in sy Verlossing!

**Amen.**